Mnr. Peter Hassard en sy seun, PJ.

PETER-JOHN HASSARD

PLAASNAAM: Silvasands
DISTRIK: Hlabisa, Hluhluwe
BEESRAS: Brahman x Simmentaler (80%) en wildbenutting (20%)
GEMIDDELDE REËNVAL: 750 mm per jaar (sowat 300 mm die afgelope 5 jaar)
WEIDING: Natuurlike soetveld, oesreste
DRAKRAG: 3,5 ha/GVE
VEEBELADING: 4-4,5 ha/GVE

Ondanks droogtes, skadelike diere en veesiektes boer mnr. Peter-John Hassard, of PJ, volstoom voort op die grond waar 'n plaasaanval 'n paar jaar gelede bykans sy lewe geëis het. Hy is die vierde geslag Hassard wat sedert 1919 by Hluhluwe boer.

Met sy toetrede tot die boerdery in 1993, was daar sowat 40 beesboere in die gebied. Hy is nou die grootste van die oorblywende agt rooivleisprodusente met klein beeskuddes. Om biosekerheid te verseker, is grensheinings met wildwering oor sowat 65 km opgerig. Goeie samewerking met naasliggende Zoeloe- ▸

◂ gemeenskappe verseker dat veediefstal beperk word.

Die Hassards hou benewens die aanvanklike proefneming met Afrikaner-Simmentaler-kruisings steeds by die basterkrag van die Brahman by die Simmentaler. Hy volg sy dieregesondheidsprogram nougeset. "My inentingsprogram is die eerste inskrywing wat jaarliks in my dagboek herhaal word."

Hy volg twee dektye – van 1 Desember tot einde Februarie en 'n korter een van 1 Junie tot einde Julie. Die besettingsyfer van die verse het aansienlik verbeter sedert hy hulle eers op driejarige ouderdom laat kalf.

Aangesien hy tans in 'n kuddeboufase is, het hy 'n groep van 100 verse in die winter laat dek, waarvan dié wat nie dragtig is nie, aan die einde van die jaar 'n tweede kans kry. Kalwers word op sewe maande gespeen.

Hassard verbou nie self voer vir die speenkalwers, aangesien dit vir hom voordeliger is om mielies risikovry aan te koop.

Elke koeikudde van sowat 150 diere het sowat 10 kampe tot sy beskikking. Dit laat hom jaarliks twee spaarkampe wat hy kan brand indien die toestande dit toelaat. Die kampe van sowat 100 ha elk word in die somer weekliks afgewissel en tweeweekliks in die winter om die beeste die geleentheid te bied om die gras tot 'n aanvaarbare hoogte te benut.

Toe Hassard in die droogtetyd gedwing is om vee te verminder, het hy slegs die pruldiere verkoop om sowat 700 van die beste koeiteelmateriaal wat hulle oor 'n eeu van teling opgebou het, te behou.

Die kriteria vir speenverse is temperament, groei, vroulikheid en konformasie. Die speenverse kry vir twee jaar die geleentheid om op die bergveld uit te groei voor hulle op 300 kg-350 kg op die tuisplaas gedek word. Sy diere se speenpersentasie is 85 tot 90, teenoor die verse se besettingsyfer van 97%.

Die kriteria vir die aankoop van bulle is fenotipiese voorkoms én syfers, soos voeromsetting, groei en melkproduksie.